HOËRSKOOL STELLA

POSBUS 2, STELLA, 8650
TEL: 053 983 0021
FAKS: 053 983 0011
E-POS: stellasport@lantic.net



Jy kan 'n boom verplant, maar nie sonder sy wortels nie.

Oud-leerders het hulself vanaf Stella na nuwe teelaardes verplant, maar die wortels van Stella bly steeds deel van elke boom. En soos dit met die lewe van 'n boom gaan: op 'n stadium wil hy vrugte dra en begin teruggee aan nuwe, opkomende bome.

Die Stella Oud-Skoliere & Ondersteuners Bond het ten doel om oud-leerders in die geleentheid te stel om weer met hulle wortels in verbinding te kom.

In die afgelope jare het talle oud-leerlinge die skool gekontak en aangedui hulle wil die ou bande met hulle *alma mater* weer optel en versterk. Party wou huidige leerders ondersteun, hetsy deur finansiële hulp of prestasiebeurse. Ander wou hulp en bystand verleen met die daarstel van onderrig- en sport fasiliteite; nog andere wou by fondsinsamelingsfunksies betrokke raak, en nog vele meer.

Die Stella Oud-Skoliere & Ondersteuners Bond (kortweg OSOB) wil graag hierdie lojale oud-leerlinge ondersteun in hulle gesindheid en behoefte teenoor hul *alma mater*. Die OSOB wil hierdie oud-leerlinge erken in die annale van die skool en hulle nalatenskap bewaar. Oud-leerlinge se betrokkenheid gaan by die skool opgeteken word, maar ook deur middel van media onder ander oud-leerlinge versprei word. Graag wil die huidige skool en toekomstige geslagte hierdie goedgesinde oud-leerlinge as ewige eregaste van die skool ontvang en eer.

Dui asseblief u belangstelling en besonderhede hieronder aan, en gee dit by die skoolstalletjie in die laerskoolvierkant in.

✂- - - - - - - - - - - - - - -

JA, EK STEL GEWIS BELANG:	Merk 1 of meer
VOEG ASSEBLIEF MY NAAM OP DIE KONTAKLYS	
GEE DIE GELEENTHEID, EK BRING DIE BIER...	
EK WIL GRAAG 'N BYDRAE LEWER, OP MY EIE TERME	
'N AFTREKORDER IS VIR MY GERIEFLIKER	

Naam en van: _____

Tel/Sel nr: _____

e-pos adres: _____

Woonadres: _____